testpapers.co.za

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## ALGEMENE INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (20 punte) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10 punte) |
| AFDELING C: | POËSIE | (10 punte) |
| AFDELING D: | TAAL IN KONTEKS | (20 punte) |
| AFDELING E: | SKRYFWERK | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

6. Laat ŉ reël tussen die antwoorde oop.

7. Skryf netjies met blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die volgende berig uit *Die Burger* van 17 Maart 2012 en beantwoord dan die vrae.

# Brand dryf kese na chardonnay

**JAN GERBER**
*Stellenbosch*

1. Dit was die onlangse brande wat die bobbejane die berge om Franschhoek laat klim het. En hulle het inderdaad die boere vererg.

2. 'n Trop van sowat 50 kese het die onlangse parstyd so haastig en so lastig die plaas La Petite Ferme in die Franschhoek-vallei se wingerde ingevaar en tot twee ton druiwe per week verorber, het mnr. Mark Dendy-Young, die plaas se bestuurder, gesê. Dit beteken 1 200 tot 1 500 bottels wyn minder.

3. Dendy-Young raak egter nie té kwaad vir die bobbejane nie, want hy is self 'n omgewingsgesinde. Hulle het 'n monitor op die plaas om kese – wat glo veral in chardonnay belanggestel het – dop te hou, maar dit is onmoontlik om 'n bobbejaan agter elke bult te gaan haal.

4. Me. Jenni Trethowan, medestigter van Baboon Matters,




meen monitors is die beste manier om bobbejaanskade te verhoed. Haar organisasie lei mense op in dié hoedanigheid.

5. "Dit baat regtig nie om bobbejane seer te maak nie," het sy gesê en verduidelik indien een trop verdryf word, sal 'n ander net sy plek inneem.

6. Uiteraard was daar nog altyd bobbejane in hul omgewing, maar Dendy-Young meen die onlangse brande het die bobbejane die wingerde ingedryf op soek na kos.

7. Hy meen sy plaas het veral deurgeloop omdat die Franschhoekpas verby die plaas loop en dit die trop se terrein is.

8. Mnr. André Morgenthal, kommunikasiebestuurder van Wines of South Africa (Wosa), het gesê bobbejane bedreig nie werklik oesopbrengste nie.

9. "Behalwe wanneer dit 'n kleiner produsent soos Mark Dendy-Young se La Petite Ferme is, of 'n blok wingerd is wat vir 'n spesifieke wyn geoormerk is."

10. Dit is egter nie net bobbejane wat vanjaar vir kleiner oeste gesorg het nie.

11. Luidens 'n onlangse verkla-ring van die Kaapse Wynmakersgilde het "sterk wind en ideale koue, nat winter-en lentemaande gesorg vir 'n klein oes met uitsonderlike vrugte en kleurintensiteit vir die meeste kultivars, veral sauvignon blanc en cabernet sauvignon".

12. Vir Dendy-Young is die kleiner oes ook nie net slegte nuus nie: "Die gehalte is fantasties."

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | | Watter idiomatiese naam vir bobbejane word in die leesstuk gebruik? | (1) |
| 1.2 | | Gee TWEE bewyse uit die leesstuk dat die skade, wat die bobbejane aangerig het, nie min was nie. | (2) |
| 1.3 | 1.3.1 | Watter maatreël het La Petite Ferme teen die bobbejane gebruik? | (1) |
| | 1.3.2 | Noem TWEE redes waarom hulle juis op dié opsie besluit het. | (2) |
| 1.4 | | Verduidelik hoe, "om 'n bobbejaan agter elke bult te gaan haal": | |
| | 1.4.1 | letterlik | (1) |
| | 1.4.2 | en figuurlik verstaan kan word. | (1) |
| 1.5 | | Wat het veroorsaak dat die bobbejane juis vanjaar dié wingerd getakel het? | (2) |

1.6 Watter verskil is daar in die boere se houding in paragraaf 1 en 3? Gebruik jou eie woorde en nie dié van die leesstuk nie. (1)

1.7 Die kleiner oeste het ook sekere voordele vir die boere gehad. Skryf DRIE sulke voordele neer. (3)

**[14]**

## VRAAG 2

Bestudeer die volgende spotprent uit *Die Burger, 29 Junie 2012* en beantwoord dan die vrae.




2.1 Op watter moderne tendens lewer die spotprent kommentaar? (1)

2.2 Verduidelik die muis se woorde: "Hulle ly 'n vreetsame bestaan", volledig. (2)

2.3 2.3.1 Na aanleiding van watter baie bekende sprokie van Grimm is die spotprent geteken? (1)

2.3.2 Gee TWEE visuele bewyse vir jou antwoord in VRAAG 2.3.1. (2)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 3

Lees die onderstaande berig uit *Lig* van Augustus 2012 aandagtig deur en voer dan die opdrag uit.

SOM DIE PRAKTIESE WENKE AAN OUERS HOE OM MEER TYD VIR HUL KINDERS TE HÊ IN SEWE VOLSINNE OP.

- Skryf jou sewe sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Jy mag jou eie woorde gebruik.
- Jou opsomming mag nie langer as 50 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal streng gepenaliseer word as jy nie die aanwysings volg nie.

## HELP!
## Waar kry ek tyd vir my kinders?

Me. Mart-Mari Snyman, ŉ lewensafrigter van Johannesburg, help ouers om hulle tyd beter te bestuur. Sy gee die volgende wenke aan werkende ma's:

Terwyl jy in elk geval kook, is dit die moeite werd om sommer baie te kook. Vries dit wat oorbly vir later. Jy kan ook een keer per maand oor ŉ naweek ŉ paar etes voorberei terwyl Pa die kinders besig hou.

Niemand kan deesdae die mag van TV onderskat nie. Dit is belangrik om die kyktyd te beperk. Lees eerder ŉ boek saam met jou kind of speel ŉ bordspeletjie as om TV te kyk.

Aandete is die mees onderskatte tyd van die dag. Dit gee almal ŉ kans om tot rus te kom ná die dag se bedrywighede – al wat julle dan kán doen, is om te eet en te gesels.

Dit neem net sowat ŉ kwartier per aand om julle volgende dag te beplan. Pak die babasak en sorg dat jou ouer kinders hul skooltasse pak en hulle klere gereed het vir die volgende dag. Beplan jou eie uitrusting en haal dit vanaand al uit die kas uit.

Dié van ons wat in die stad bly, bestee gewoonlik baie tyd op die pad. Die tyd in die motor hoef nie ŉ strestyd te wees nie. Gebruik die tyd wat julle skool toe en terug ry om te gesels oor ditjies en datjies, die dag se dinge by die skool, maak rympies op of sing saam.

Daar is ŉ gesegde wat sê dat blink ogies belangriker is as blink deurknoppe. Jou huis hoef nie eksie-perfeksie te wees nie. ŉ Bietjie stof maak nie van jou ŉ slegter mens nie. As jy dit kan bekostig, kry iemand om jou ŉ paar keer per week in dié huis te help, of koop ŉ skottelgoedwasser. Elke lid van die gesin kan met takies help.

Onderhandel met jou werkgewer sodat jy dalk fleksie-ure kan werk, bv. ŉ halfuur vroeër begin en ŉ halfuur vroeër huis toe gaan. Dit kan jou waardevolle tyd in die verkeer bespaar, jy kan jou kinders vroeër oplaai en rustiger aandete aan die gang kry. Jy kan ook met jou baas reël om ŉ korter etensuur te kry of om werkure later in te haal as jy ŉ belangrike sportwedstryd wil bywoon.

*[Verwerk en verkort]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: POËSIE

### VRAAG 4

Lees die volgende gedig en beantwoord dan die vrae.

# My siel, Pa

***deur Marie van Rensburg***

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop,
En my siel, Pa ...
Kan ek ’n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met ’n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
Kan ek ’n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die
lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
Kan ek ’n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld
wat oor my vou soos ’n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar net Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
Kan ek ’n klein-klein stukkie terug vra?




[Uit: *Losvoor,* Shuter & Shooter, 1993]

*Woordverklarings:*

*Dux-leerling:* *Die leerder wat die beste op akademiese gebied in sy graad vaar.*

*Rostrum:* *Die verhogie waarop die wenners, wat die eerste drie plekke verower, staan om hul medaljes te ontvang.*

| | |
|---|---|
| *Achilleshiel:* | *Jou enigste kwesbare plek. (Achilles was die bekende Griekse held van die Trojaanse oorlog. Hy het gesterf toe 'n pyl hom in die hak getref het – die enigste plek waar sy oorlogsmondering hom nie beskerm het nie.)* |
| *Cravenweek:* | *'n Rugbytoernooi vir provinsiale skoolspanne tydens die Junie-vakansie elke jaar.* |
| *Ewebeeld:* | *Iemand wat presies soos 'n ander lyk; jou dubbelganger.* |
| *Proto:* | *Die eerste voorbeeld van iets.* |

4.1 Haal TWEE woorde uit die gedig aan om te bewys dat die seun nog op skool is. (2)

4.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom die seun so ongelukkig is. (2)

4.3 Wat bedoel die spreker met "top" in reël 3? (1)

4.4 Benoem die beeldspraak in "galgtou oor my kop" (reël 4). (1)

4.5 Aan watter sportsoort neem die spreker in die tweede strofe deel? (1)

4.6 Waarom sien die spreker homself as 'n "turksvy-kind" (reël 15)? (1)

4.7 Wat word 'n strofe genoem wat uit SES reëls bestaan? (1)

4.8 Benoem die rymskema in die gedig. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 10**

## AFDELING D: TAALWERK IN KONTEKS

### VRAAG 5

5.1 Lees die volgende verwerkte brokkie uit *Jip*, 7 Mei 2012 en voer dan die opdragte uit.

**Daar's nié so baie visse nie**



Het iemand jou al getroos met die woorde "Toemaar, daar is baie visse in die see"? Wel, daar is toe nie so baie visse in die see nie. Volgens nuwe navorsing raak jy gemideld net vier keer in jou lewe verlief! Nog erger is dat vier (5.1.7) ............ elke tien mense verlief raak op iemand wat nie dieselle voel nie. Ai!

5.1.1 Wat beteken die idioom: "Daar's baie visse in die see"? (1)

5.1.2 Skryf die sin: "Toemaar, daar is baie visse in die see" in die indirekte rede.

Begin met: Iemand sê ... (2)

5.1.3 Gee die intensiewe vorm van "nuwe". (1)

5.1.4 Vorm 'n persoonsnaam van "navorsing". (1)

5.1.5 TWEE spelfoute is in die brokkie begaan. Verbeter enige EEN van dié twee woorde se spelwyse. (1)

5.1.6 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.

Die seun se (verlief) veroorsaak dat hy nie aandag aan sy skoolwerk gee nie. (1)

5.1.7 Voltooi die sin deur slegs die korrekte voorsetsel in te vul. (1)

5.2 Lees die volgende rubriek uit *Die Burger* van 4 Junie 2012 en voer dan die opdragte uit.

## Vandag wat was



**Die akteur Dennis Weaver is in 1924 gebore.**
**Die (5.2.1)………. Angelina Jolie is 37.**

**358 jaar gelede (1654):** Jan van Riebeeck skryf in sy dagboek dat Tafelbaai elke dag vol walvisse is.

**214 jaar gelede (1798):** Glacomo Casanova, van Venesië, sterf op die ouderdom van 73 jaar.

**68 jaar gelede (1944):** Opgewonde wetenskaplikes maak bekend dat ŉ reuse-alk wat gemeen is uitgesterf het, in Ysland gevind is.

**39 jaar gelede (1973):** ŉ Russiese vliegtuig ontplof by die Paryse lugskou. Die bemanningslede sterf saam met 27 mense op die grond.

5.2.1 Gee die vroulike vorm van "akteur". (1)

5.2.2 Skryf 358 in woorde. (1)

5.2.3 Wanneer noem ons ŉ man ŉ Casanova? (1)


5.2.4 Kies die korrekte vorm:
Die reuse-alk is ŉ wonderlike (vonds/fonds). (1)

5.2.5 Waarom word "reuse-alk" met ŉ koppelteken geskryf? (1)

5.2.6 Gee ŉ sinoniem (dieselfde betekenis) vir "opgewonde" soos dit in die leesstuk gebruik is. (1)

5.2.7 Gee die antoniem (teenoorgestelde) van "bemanningslede". (1)

5.3 Lees die onderstaande strokie uit *Die Burger* van 20 Julie 2012 en beantwoord dan die vrae.




5.3.1 Gee die vergrotende vorm van "gewild". (1)

5.3.2 Watter skryfteken ontbreek in die tweede praatborrel in *Groeipyne* se raampie 1? Skryf die sin oor en vul die skryfteken in. (1)

5.3.3 Identifiseer uit *Stoffel* se laaste raampie in die sin: "Liz kan nie haar grimering opspoor nie", die volgende:

5.3.3.1 gesegde (1)

5.3.3.2 onderwerp (1)

5.3.3.3 voorwerp (1)

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: SKRYFWERK

## VRAAG 6

**INSTRUKSIES**

1.1 Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf dan ŉ OPSTEL van 250 – 300 woorde.

1.2 Jy moet jou werk deeglik BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet gedoen word voordat jy die opstel skryf.

1.3 Dui jou beplanning duidelik aan met die woord "beplanning" sodat daar nie verwarring kan ontstaan oor watter stuk jou finale stuk is nie.

1.4 Nommer die skryfstuk net soos op die vraestel.

1.5 Voorsien die skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

1.6 Die skryfstukke moet jou eie oorspronklike werk wees.

1.7 Jy mag nie plagiaat pleeg nie.

1.8 Die titel word nie in aanmerking gebring as die woorde getel word nie.

1.9 Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

1.10 Skryf netjies en leesbaar.


1.11 Gebruik die ekstra inligting, illustrasies en foto's net as stimulus.

1.12 Onderwerpe kan letterlik of figuurlik verstaan word.


6.1 Oorlog op die kerkbasaar.

*Die reuk van pannekoek en kaneelsuiker. Lang toue mense by die nageregtafel. ŉ Roesemoes. Dogtertjies met blink ogies wat popklere koop. Seuntjies jaag mekaar. Tannies en ooms kuier in die teetuin en praat oor die weer en hul kleinkinders.*

6.2 Dit noem ek ŉ held!



6.3 Dit sneeu in my wêreld!



Selfs in die Kalahari het dit die naweek gesneeu. Sneeu het onder meer op Pofadder, Postmasburg en Kathu geval. Dié foto is op die plaas Halfkroon naby Pofadder geneem. Foto: JACO SMIT


**Wat? Dit sneeu toe sowaar op Pofadder!**

[*Die Burger,* 17 Julie 2012]

6.4 Doodskis in die tegnologie-klaskamer




6.5 As ek 'n superheld kon wees ...



[*Huisgenoot,* 14 Julie 2011]

6.6 Gebruik EEN van die volgende foto's of illustrasies as inspirasie en verskaf jou eie titel.

6.6.1



[*Weg*, Oktober 2010]

6.6.2




[*Weg,* Mei 2010]

6.6.3




[*Weg,* Julie 2010]

6.6.4




[*Weg,* Julie 2010]

6.7




[*Vrouekeur,* 7 September 2007]

6.8 Verskaf jou eie titel.




[*Sarie,* Junie 2011]

6.9 Nuwejaarsvoorneme(ns)




6.10



# Nes my pa

CHARIS LABUSCHAGNE *hooffoto* NEVILLE LOCKHART *stilering* DANNY TOÜA

Jou pa is nie net die een na wie jy opkyk vir hulp en beskerming nie. Hy kan jou ook inspireer om jou drome te bereik

**MY PA IS 100% AGTER MY**

"Ek en my pa het dieselfde soort persoonlikheid. Ons is albei perfeksionisties en hardkoppig. Ons stamp soms koppe, maar sorteer dit dadelik uit. Ons is geheg aan mekaar en dis vir my wonderlik dat hy my 100% ondersteun.

[*Huisgenootpols,* Herfs 2008]

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**